Graan SA/Grain SA
NUUSFLITS
NEWSFLASH

22/02/2013

# Vir al die droëland Garsprodusente

Geagte droëland Garsprodusent

Na aanleiding van die onlangse opname deur landbou maatskappye ten opsigte van die verwagte intensies om gars aan te plant, wil ek net graag die volgende inligting met u deel om 'n beter perspektief op die saak te gee:

Soos reeds voorheen aan u verduidelik, is die opnames deur die landboubesighede gedoen aangesien SAB Maltings 'n spesifieke behoefte en beperking tov die hoeveelheid van elke kultivar wat hulle benodig uitgespreek het, en dit nie noodwendig ooreenstem met die algemene tendens van aanplantings deur produsente nie. Dit lei gevolglik daartoe dat nie alle tonne soos deur 'n produsent geproduseer, deur SAB Maltings aangekoop sal word nie. Die hoeveelheid moutgars lewerings sal, soos in 2012, deur die landboubesighede toegepas word.

Landbou besighede se opnames dui op die volgende:

- Gedurende 2013 is die aanduidings dat daar 36 000 ton Erica te veel geproduseer gaan word(12 300 ha te veel)
- Nemesia tesame met Hoë stikstof Nemesia het nog ruimte vir 7 000 ton (2 200 hektaar meer kan aangeplant word)
- S5 toon 'n tekort van 9 000 ton(3 000 hektaar meer kan aangeplant word)
- S6 toon volgens die intensies om te plant wel 'n oorproduksie maar aangesien dit nog 'n eksperimentele kultivar is, is slegs beperkte hoeveelheid saad beskikbaar. Daar word dus nie 'n surplus produksie verwag nie.
- SSG 564 toon 'n tekort van 7 500 ton (2 800 hektaar meer kan aangeplant word)
- S9 en S12 is beide eksperimentele kultivars en oorproduksie word nie verwag nie.

Die volgende is baie belangrik om te onthou en u moet nou daarop let:

- Gegewe die aanduidings wat deur u as produsente verskaf is, sal daar noodwendig van die 2013 oes sowat 36 000 ton Erica na die voermark moet gaan omdat dit as 'n surplus vir 'n spesifieke kultivar beskou word. Die surplus is bereken deur SABM se behoeftes vir Erica af te trek van die opname van die landboubesighede se intensies om te plant.
- SABM se totale behoefte is ± 189 000 ton (Dit is eksperimentele kultivars en Hoë stikstof Nemesia ingesluit.) Ten spyte hiervan dui die intensies om te plant dat produsente ±169 000 ton hiervan aan SABM kan verskaf omdat kultivaraanplantings nie volgens die behoefte is nie. Dit word bereken dat daar ±20 000 ton moutgars (anders as Erica) se markspasie onbenut vir die bedryf in die Suid-Kaap is.
- Opsommend: Indien die aanplantings meer in lyn met die behoeftes van die mark (SABM) is, kan dit die hoeveelheid surplus gars wat in die voermark bemark sal moet word met 20 000 ton te verlaag. Sodanige aanpassings sal 'n impak op die winsgewendheid van u besigheid hê.

Ek rig 'n vriendelike versoek tot u om die inligting aan te wend om u besluite tov kultivar aanplantings weer na te gaan. Kontak gerus u Landboubesigheid tov die beskikbaarheid van saad van die kultivars waarin SABM belang stel om as moutgars aan te koop.

Ten slotte wil ek u uitnooi om sou daar enige onduidelikheid wees rakende die aangeleentheid my onverwyld te kontak.

Groete

RD Erasmus(Voorsitter Gars Spesialis Werksgroep)
Fonteinskloof

Posbus 513
Caledon
7230
Sel:0825238159
Faks:0865709616
E-pos:rd@fonteinskloofboerdery.co.za

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
+27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166
www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA